22 OKTOBER 2017

09:00 Erediens
Immanuel van Tonder
Ek het net een doel: om *U gelukkig te maak* Ps 119:10

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!
Almal welkom!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)
Peet Crous

Erich du Preez (Elton en Esmari) word vanaand gedoop. Baie welkom aan al die vriende en familie.

19:00 Belydenisklas
Afsluiting en kuier (Grootgroep)

Ouers van die Graad 7's word vriendelik versoek om asseblief te help tee skink vanaand na die aanddiens.

29 OKTOBER 2017 *500 jr Hervormingsfees!*

09:00 Erediens
Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!
Almal welkom!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)
Peet Crous
Senior kategese afsluiting.

Die lidmate in Eric Scholtz se blok kom vanoggend om 10:00 (na die oggenddiens) in Koinonia byeen vir 'n wykskuier. Eric se blok sluit in:
1. Lidmate binne die gemeentegrense – almal Oos van die snelweg. 2. Lidmate buite die gemeente-grense – almal Oos van die snelweg en Noord van Lynnwoodweg. Baie dankie aan almal wat eetgoed gebring het.

Ons jaarlikse DANKIEMAAND vanaf 15 Oktober tot 19 November, het verlede Sondag begin met die tema "My beker loop oor". Ons raak gedurende dié tyd bewus van die gawes wat die Here in al die seisoene van die jaar gee. Ons is baie dankbaar oor die bediening van die afgelope jaar in Lynnwood Gemeente, maar ons sien ook met baie verwagting en opgewondenheid uit na 2018 om in God gewortel 'n lewegewende gemeente te wees! Byvoorbaat baie dankie vir u aandeel aan die betekenisvolle verskil wat die gemeente maak.

Laaste kans! Koop vandag jou kaartjie vir 'n aand van saamkuier en Franse musiek op 25 Oktober om 18:30 vir 19:00 in Koinonia.
Bring asseblief die aand 'n Kerspakkie met sjokolade en 'n mooi boodskap vir iemand by Harmonie-Oord saam. Kaartjies R100 (sluit verversings in) by die Info-toonbank na die diens.

Nuwe Generasie hou op 29 Oktober vanaf 08:00 - 15:00 'n 'bosberaad' waartydens hulle beplanning vir 2018 gaan doen. Dit vind vanjaar by die gemeente plaas om soveel moontlik gemeentelede te betrek. <u>ALLE OUERS van jongmense (gr 7 - 12 in 2018)</u> word hartlik uitgenooi na die GESPREK in die Kapel VANAF 10:00 - 11:00. U teenwoordigheid is belangrik en word waardeer. Navrae: Fay 083 478 0854.

Kerkraadsvergadering 30 Oktober 2017
om 19:00 in Koinonia.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Prof Conrad Wethmar. Tema: *Kan die Gereformeerdes en die Katolieke mekaar na vyf honderd jaar vind?*
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. **Franse musiek-aand** 18:30 vir 19:00 (Koinonia).
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854. **Oop vir die Oomblik-kursus** 19:00 (Kapel) – Willem Nicol en Immanuel van Tonder 083 540 6015.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Ena en die van der Walt familie, Sussexlaan 435, Lynnwood, 082 490 6737 – Regter Piet oorlede. Begrafnis was Woensdag in die kerk.

Lynnwood Kersfees-aandmark:

Ons hou op 25 November Lynnwood se eerste Kersfees-aandmark! Om die stalletjies te help met voorraad benodig ons asseblief die volgende:

- poeding (kontak asseblief vir Maretha Brits 073 267 7019;
- vrugtekoek (kontak asseblief vir Bettie Hammann 082 550 5079);
- fudge, klapperys, dadelbolletjies, ystervarkies (kontak asseblief vir Hannelie van Tonder 083 452 0441);
- tuisgemaakte konfyt (kontak asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854);
- heel skaap vir 'n spit (kontak asseblief vir Fay 083 478 0854).

Skakel asseblief die betrokke persone of die kerkkantoor by 012 348 1245 indien u kan help. Byvoorbaat baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning.

Kersfees@Ubuhle-kleuterskool:

Ons wil hierdie Kersfees graag die 83 kleuters van *Ubuhle*-kleuterskool met 'n Kersgeskenkpakkie bederf. Neem gerus 'n naamkaartjie wat aan die Kersboom in die portaal vasgeknip is indien u wil deelneem aan hierdie projek. Baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning! Navrae: Fay 083 478 0854 of Liani 079 506 4078.

Potjiekos 19 November:

Ons vier op 19 November ons gemeente se verjaarsdag met ons jaarlikse Potjiekos-ete. Koste: R80 (volw) en R50 (laerskoolkind). Bespreek asseblief by die info-toonbank na die diens of skakel die kerkkantoor 012 348 1245. Stel u belang om 'n pot te maak? Kontak asseblief die kerkkantoor. Mense wat bereid is om te help met koring- en stampmielievoorbereiding en basaarpoeding kontak assebief vir Maretha 073 267 7019.

Kontak van die week: Sam, Frodo, Pippin en trauma

Alles wat S.T Gibson oor trauma by haar ma geleer het, was aan die hand van die verhaal *'Lord of the Rings'*. Volgens haar beleef en oorleef ons almal, nes die karakters in Tolkien se verhaal, lewensveranderende gebeure (in die karakters se geval 'n lewensgevaarlike tog na *Mount Doom)*. Dit is gebeure wat ons op paaie neem waarvan ons nooit sou gedroom het nie, en waarvoor ons nog minder sou gekies het. Gebeure wat gewoonlik met trauma van een of ander aard gepaard gaan. Trauma wat 'n effek op ons het.

Sommige mense is soos Sam. Hulle gaan na 'n lewensveranderende gebeurtenis reguit huis toe waar hulle rustig saam met hulle vrou en hobbit kindertjies tuinmaak en vergeet van die ingrypende gebeure van hulle verlede.

Maar, sê Gibson, die meeste van ons is soos Frodo. Die tuiskoms is moeilik, omdat dít wat rondom en met ons gebeur het, ons verander het. Die wonde genees moeilik en ons dra swaar aan die herinneringe van ons seer of teleurstelling. Die wêreld en almal om ons gaan aan, en ons voel dat ons agterbly. En dan seil baie van ons soos Frodo weg na die *Undying West*, net om agter te kom dat die vrede waarna ons opsoek is slegs van binne af kom.

Sou ons die uitnodiging aanvaar om die reis na binne te neem, sou ons met ons emosies sit, onsself toelaat om elke emosie te voel en ook elkeen in God se teenwoordigheid in te bring, kan ons soos Pippin en Merry word. Hulle het nooit dit wat met hulle gebeur het, geïgnoreer nie, maar eerder hulleself oopgemaak vir die verandering wat saam met die gebeure gekom het. Hulle het tuisgekom in hulle veranderde self. En met die verloop van tyd het hulle leiers en wonderlike storie-vertellers geword. Hulle vrees, woede en hartseer het uiteindelik verhale geword waaruit ander kon leer en moed skep. In Tolkien se verhaal gebruik Pippin en Merry dít wat hulle op hulle lewensveranderende reis geleer het om hulle tuisland te beskerm.

Ek dink Gibson se ma was dalk reg toe sy gesê het: '*It is our trauma that turns us into guardians. It is suffering that strengthens our skin and softens our hearts, and if we learn to live with the ghosts of what has been done to us, we just may be able to save others from the same fate.' (S.T. Gibson)*

Groete
Fay *(Namens die Predikantespan)*

Ekologiebediening het 'n kaart van inheemse bome op die terrein. Die kaart moet opgeknap word. Indien u van 'n argitek/tekenaar bewus is wat bereid is om te help, kontak asseblief die kerkkantoor 012 348 1245.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Transvaliaskool vir leerders met Epilepsie en Leergestremdheid bied 'n ***Jak de Priester*** fondsinsameling-konsert aan op Saterdag 18 November om 09:30 by Lynnwood Gemeente. Kaartjies: Marietjie Landman 083 294 8246/012 800 1071.

Brooklyn SAPD - Gemeenskaps Polisieringsforum GPF: nooi almal uit na 'n Sektor 1 (wat Lynnwood-area insluit) se Openbare-vergadering op Dinsdag, 24 Oktober 2017 om 18:00 in die Karoolsie-kerksaal van Universiteitsoord gemeente (h/v Duxbury- en Heroldstraat). Navrae: PR du Toit 082 781 7076.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Dankoffers: Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay
SnapScan